

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 144, Aug. 1979

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

Ons Antwoord aan die Jehowa-getuies

Verspreiders van die blaaie Wagtoring en Ontwaak.

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle *om* alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Matt.28:19

Die Deurklokkie Lui...

Op 'n Onmoontlike Tyd!

Jy het seker al ook jou voordeurklokkie hoor lui op 'n onmoontlike tyd van die dag. As jy die voordeur oopmaak, dan staan daar 'n netjiese man of vrou wat sê hulle stel belang in jou geestelike welsyn. Jy word onmiddellik met 'n uitklophouvraag oor God en 'n beter wêreld gekonfronteer en gewoonlik "beskamend" oortuig dat 'n gesprek oor hierdie lewensbelangrike dinge noodsaaklik is. Jy vind jou fout gewoonlik te laat uit...! Jy word oorval met seepgladde redenasies en voel al meer of jy gedwaal het, en verval in 'n moeras van twis en ergernis.

Of jy ken al die prosedure: Jy hoor die voordeurklokkie op 'n onmoontlike tyd . . . en jou ergernis stuif sommer op: Dis 'n getuie vir Jehova. Jy maak die voordeur ferm oop, en voordat die persoon nog iets kan sê, siteer jy vir hom 2 Joh. 10: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie". Hierna maak jy die deur toe, sluit dit, en stap weg met die behaaglike gevoel van "ek-het-'n-dwaalleraar-hokgeslaan".

Wat moet 'n mens tog maak: Twis of wegstuur? Dit is werklik moeilik. Jehova-getuies is gewoonlik goed onderlê in gespreksvoeringstegnieke en hulle ken hulle (dwaal-) leer. As jy nie ten minste die kernpunte van hulle godsdiens ken en weet hoe en hoekom hulle die Skrif verkrag nie, gaan jy beslis tweede viool speel in sulke gesprekke. Daarom wys die meeste Christusgelowiges die Jehova-getuies die deur en vermy daardeur twis, ergernis en nederlaag. Maar skerp kom die Woord tot elkeen wat só optree asof die Woord nie aan alle mense verkondig moet word en liefde aan alle mense bewys moet word nie: "...wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees..." (1 Petrus 3:15)

Daar word van *elke* ware gelowige verwag om die blye boodskap van Jesus Christus te verkondig, te proklameer ... ook veral aan die Jehowa-getuie wat so selfversekerd juig ... oor 'n verwronge boodskap van eiegeregtigheid! Waarvoor anders beskik die Here dit dan so dat jou en die Jehowa-getuie se pad kruis?

Kom ons wees prakties en kyk na enkele dinge wat ons in staat kan stel om 'n Jehova-getuie vir Christus te wen in 'n gesprek:

1. As jy niks weet van die leerstellings van die sekte nie, weier liever vriendelik om hom binne te laat, sonder om 'n leuen te versin van byvoorbeeld: "Baie besig". Wees liever eerlik en sê: "Ek stel nie belang nie." As die Jehowa-getuie eers in jou huis is en jou onsekerheid met valkoë" bespeur het, gaan daar beslis nog 'n uur of twee van jou tyd verlore wees.
2. Kom sou gou as moontlik op hoogte van die mees sentrale leerstellings van die Jehowa-getuies, en wat die suiwer Bybelse leer oor daardie dinge is. Geen diepe studie is nodig nie.
3. Nooi die persoon vriendelik binne vir 'n afgebakende tyd van byvoorbeeld vyftien minute. Sorg dat jy van die begin af die inisiatief in die gesprek het. Jy moet die stuurman van die gespreksboot bly. Probeer veral verhoed dat die persoon sy literatuur te voorskyn haal (waarsonder meeste redelik hulpeloos is).
4. Begin julle gesprek met gebed waarin jy God bid om tog deur sy Heilige Gees in julle midde te wees en die gesprek Self te lei. Soms is dit 'n goeie ding om vir die Jehova-

getuie te bid in die verduistering van sy gemoed.

5. Begin dan dadelik om die suiwere Woord aan die persoon te verkondig. Jy redeneer nooit oor 'n saak nie, maar stel gedurigdeur die waarheid van die Skrif as onomstootlik.
6. 'n Voorbeeld kan die volgende wees: Verkondig aan die Jehowa-getuie dat 'n mens uit genade alleen gered kan word. Die Jehova-getuies glo wel in Christus, maar voel dat geloof alleen nie genoeg is om tot saligheid te kom nie. Hulle glo jy moet werk vir jou saligheid deur van huis tot huis te loop en werf. Hulle leef in die vrees dat hulle hulle regverdigmaking voor God weer kan verloor as hulle nie genoeg doen nie. Hulle kan enige tyd uit die Genootskap afgesny word as hulle nie genoeg doen nie. Wat 'n vermoeiende, onsekere en vretende godsdiens! Verkondig dan met krag aan die Jehova-getuie die blye boodskap dat ook hy alleenlik uit genade gered kan word uit Efesiërs 2:8-10 en Galasiërs 2:16.
7. Sodra die gesprek van jou kant af klaar is, of 'n verkeerde twiswending neem, staan ferm op en begelei die persoon na die deur. Dan bid jy vir hom dag vir dag in die wete dat God se Woord nooit leeg na Hom terugkeer nie.

Dit lyk makliker gesê as gedaan, maar hierdie metode van kragtige verkondiging van die evangelie het al verskeie kere vrugte afgewerp, omdat God die saad van die Woord laat groei het.

Daar lui jou deurklokkie sterkte!

'n Boekie wat ek graag aanbeveel om jou te help is: *Confronting the cults* deur Gordon R. Lewis. Dit is verkrygbaar by meeste boekhandelaars. Hierdie boekie is daarop toegespits om jou kort en kragtig 'n invalspoort en metode te gee om die Evangelie effektief en volgens die Bybel aan verskeie sektes te verkondig.

Ben Cloete.

EEN wat DRIE is...

DRIE wat EEN is

GOD ONBEGRYPLIK.

Onbegryplike opskrif, sê u?

Ek stem saam!

Dit kan nie anders nie, want hierdie opskrif praat van God, soos Hy Homself bekend gemaak het in die Bybel.

Dink u dat 'n mens met beperkte verstand die ewige, almagtige God kan begryp? Deur die mond van Jesaja sê hierdie enige, ewige God: "By wie sal julle my dan vergelyk, dat Ek net so kan wees?" (Jesaja 40:25).

Ek wil daarom nie vir u iets sê wat u kan begryp nie. God is onbegrypbaar! Ek wil vir u sê wat God van Homself sê. Daarvoor het ons net een middel: God se Woord self, dit is die Bybel. Wil u daarna luister?

Ek wil vir u iets sê wat u moet gló as u salig wil word.

GOD IS EEN.

God sê: "Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE." (Deut. 6:4)

God is Een!

God is Enig!

"Want daar is *een God* en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus." (I Timotheüs 2:5)

Daar is ook net *een God* wat die besnedenes regverdig (Romeine 3:30), en "...*een God*, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom..." (I Kor. 8:6), en "...*een God* en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is." (Efesiërs 4:6)

God is een, enige God. "Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie." (Jesaja 45:5)

EN TOG IS DAAR DRIE.

In Psalm 33:6 ontmoet ons hierdie God nou verder: "Deur die *Woord* van die *Here* is die hemel gemaak, en deur die *Gees* van sy mond hulle hele leër."

Binne die een, enige God is daar drie te onderskei: Die WOORD;
Die HERE;
Die GEES.

Daar is ook ander plekke in die Bybel waar van die een, enige God gepraat word. en dan tog Drie genoem word:

Jesaja 63:9: "In al hulle benoudheid was Hy (*die Here* van vers 7) benoud, en *die Engel* van sy aangesig het hulle verlos... Maar hulle...het sy *Heilige Gees* bedroef. So kry ons in Lukas 1:35: Heilige Gees, Allerhoogste, Seun van God. In Mattheüs 28:19 praat Christus van die Drie in gelyke sin: Vader, Seun en Heilige Gees. In I Korinthiërs 12:4-6 in ewe gelyke sin: Gees, Here, God.

Ek kan vir u verder sulke tekste noem, byvoorbeeld Lukas 3:21-22; Johannes 14:26; II Korinthiërs 13:13; Jesaja 61:1 wat ons met Lukas 4:18 kan vergelyk.

Kyk ook maar by die Doop van Jesus: Toe het die *Vader* uit die hemel gespreek; Christus, die *Seun* was in die water, en die *Heilige Gees* het in die vorm van 'n duif op Hom neergedaal.

Een, enige God, en tog word daar, as daar van dié God gepraat word in die Bybel. Drie onderskei.

DRIE PERSONE.

Van hierdie Drie, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees word daar gepraat soos 'n mens van *persone* sal praat. Woorde soos: *Ek, My, Hy, Ons* word gedurig daarmee verbind, en nie *Dit* nie. Daar is ook woorde wat dui op persoonshandeling, soos: *sê, stuur, leer, herinner*, ensovoorts.

Kan u van God, hetsy Vader, Seun of Heilige Gees, dink as 'n *Iets*? Ek kan nie, wanneer ek die Bybel lees nie!

EN DIE DRIE IS EEN.

Daar is net een almagtige, alomteenwoordige, ewige Wese wat ons God noem, maar die Bybel onderskei in die een goddelike Wese drie Persone. Christus het hulle in die doopsbevel van Matthéüs 28:19 genoem: Vader, Seun en Heilige Gees.

WIL U SALIG WORD?

Wie salig wil word, moet glo in hierdie een, enige God wat Drie is, en die Drie wat een, waaragtige, ewige God is.

Begryp u dit nie?

Ek ook nie!

Want God kan nie deur ons beperkte menseverstand deurgrond word nie.

Maar ek glo dit, omdat hierdie God wat alleen weet wie Hy is, my so leer in sy Woord. En deur te glo, het ek die ewige lewe.

A.J. Coetsee.

GOD die VADER

DIE VADER VAN CHRISTUS.

Hoe dikwels hoor ons nie in die Bybel dat Christus van sy Vader praat nie. Ek noem maar net 'n paar tekste:

Hy wat "die wil van *my Vader*" doen, sal ingaan in die koninkryk van die hemele. (Matt. 7:21; 12:30) "*My Vader* wat in die hemele is..." (Matt. 10:32) In Matt. 11:25-27 kom die *Vader-naam* vir God nie minder as vyf maal voor nie. In die Evangelies noem Jesus die Vader meer as honderd maal.

DIE VADER IS DIE SKEPPER.

Wie is hierdie Vader van die Here Jesus Christus?

Hy is "Here van die hemel en aarde" (Matt. 11:25). Dit is van Hom wat daar staan: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." (Gen. 1:1), en waarvan Jesaja sê: "*Slaan jou oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape?*" (40:26). Hy is die Skepper en Oorsprong van alle dinge.

Die Vader van Christus is ook die Skepper van die mens, kunstig voorberei in die moeder se skoot (Ps. 139:15). "Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand." (Jes. 64:8)

Daarom dank ons hierdie God en Vader vir alles, soos Dawid toe hy al die gawes gesien het wat gebring is vir die bou van die tempel: "Want dit kom alles van U en uit U hand het ons dit aan U gegee." (I Kron. 29:14) En Paulus wat sy knieë in dankbaarheid buig voor "die Vader van onse Here Jesus Christus." (Ef. 3:14)

DIE VADER IS DIE REGEERDER.

Die Vader is ook die Regeerder van sy skepping, en die Onderhouer daarvan. Hy regeer só dat selfs nie 'n voëltjie op die grond, of 'n haar van ons hoof sal val, sonder sy wil nie (Matt. 10:29). Aan sy goeie regering hoef ons nie te twyfel nie. Hy weet wat ons nodig het, selfs nog voor ons daarvoor vra (*Luk. 12:30*). Hy sorg vir die lelies van die veld en vir die voëls van die hemel, en daarom hoef diegene wat die Vader van Jesus Christus ken, hulle nie te kwel nie (Matt. 6:25-34).

DIE VADER VAN CHRISTUS OOK DIE VADER VAN DIE GELOWIGES.

Hierdie Vader van Jesus Christus word deur die geloof die Vader van die ware gelowige, en hy mag en moet ook hierdie Vader aanroep in die Naam van Christus: "Onse Vader wat in die hemele is," (Matt. 6:9), want "almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo," (Joh. 1:12), en "omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!" (Gal. 4:6)

God het sy uitverkorenes voorbeskik "om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil." (Ef. 1:5) Dit is hierdie Vader wat aan sy gelowiges belowe: "En Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." (II Kor. 6:18)

WIL U SALIG WORD?

Ek glo in die Vader, die Skepper en Onderhouer van alles, wat saam met die Seun en die Heilige Gees die een, enige, waaragtige God is, en deur dié geloof het ek die ewige lewe.

Ken u ook die Vader as Onderhouer en Regeerder van u lewe?

Jesus Christus het gesê: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige, waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." (Joh. 17:3)

A.J. Coetsee.

GOD die SEUN

DIE WOORD IS DIE SEUN.

God die Skepper, die Onderhouer en Regeerder van ons lewe, is die Vader.

En tog lees ons nóg meer van die skepping: Johannes vertel dit aan ons in sy evangelie: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." (1:1-3)

God die Vader het dus deur die Woord geskape. Maar Wie is hierdie Woord wat volgens Johannes God is? Johannes sê dit ook vir ons: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." (Joh. 1:14)

Dit is duidelik: Die Woord is Hy wat in die krip van Betlehem gekom het. Dit is Jesus Christus. Christus self het voor die hoëpriester, Kajafas, bely dat Hy die Seun van God is (Matt. 26:23).

DIE WOORD IS GOD.

Die Woord, die Seun van God, Jesus Christus, is God. Hy word aangespreek as: *O God* (Ps. 45:8; Hebr. 1:9), *My Here, en my God* (Joh. 20:28), *God lofwaardig* (Rom. 9:5).

Kyk net hoe skryf die Seun aan Homself goddelike eienskappe toe: "Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek." (Joh. 8:58) "En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het, voordat die wêreld was." (Joh. 17:5) Christus verklaar onomwonde: "Ek en die Vader *is een*." (Joh. 10:30)

SY GODHEID VERWERP.

Waarom wou die Jode Hom stenig en doodmaak? Was dit nie juis, omdat Hyself sy Godheid bely het nie? "Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy ... God sy eie Vader genoem het en *Hom met God gelyk gestel het*." (Joh. 5:18) "Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor 'n godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak." (Joh. 10:33)

Christus het ook gedoen wat net God kan doen. Hy het mense hulle sondes vergewe, en toe sê die Skrifgeleerdes: "Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe, behalwe Een, naamlik God?" (Mark. 2:7) Hy het mense uit die dood opgewek, wat God alleen kan doen. Ook daarteen het die Fariseërs hulle gestamp. Hy het sy eie lewe afgelê vir die skape, en Hy het dit weer geneem in sy opstanding. Toe Hy opgestaan het wou die Skrifgeleerdes dit ook nie glo nie (hierdie goddelike daad), en het toe 'n ander storie vertel.

Wie is die mense wat Jesus verwerp? Hulle wat nie in sy godheid glo nie!

GOD DIE SEUN IS ONS VERLOSSER.

God die Seun, die Woord wat ook mens geword het, skenk aan ons die ewige lewe deur sy lyde en sterwe: "En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat

die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê, en Ek sal hom opwek in die laaste dag." (Joh. 6:40)

Wie salig wil word, moet in die godheid van die Seun glo, soos Hyself dit voor Kajafas bely het. Johannes praat so 'n duidelike taal: "Hy wat die Seun het, het die ewige lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie." (I Joh. 5:12) En Wie is die Seun? "En ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe." (I Joh. 5:20)

WIL U SALIG WORD?

Ek glo in God die Seun wat saam met die Vader en die Heilige Gees die een, enige, waaragtige God is. Deur in Hom te glo, het ek die ewige lewe, soos Hyself gesê het: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe." (Joh. 6:47) Het u die ewige lewe?

A.J. Coetsee.

GOD die HEILIGE GEES

DIE HEILIGE GEES IS 'N PERSOON.

Dink u 'n mens kan vir 'n *iets* soos 'n inspirasie of 'n krag lieg? 'n Mens lieg tog vir 'n persoon, nie waar nie? Nou lees ek dat Petrus vir Annanias gesê het: "Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg?" (Hand. 5:3)

U was reg. 'n Mens kan nie vir 'n *iets* lieg nie. Daarom word oral in die Bybel van die Heilige Gees gepraat soos 'n mens van 'n persoon sal praat: Die Gees *spreek* (2 Samuel 23:2), *onderrig* (Neh. 9:20), *getuig* van Christus (Joh. 15:26) en *verheerlik* Hom (Joh. 16:4). Hy *leer*, *lei* en *herinner* (Joh. 14:26; 16:13). Die Heilige Gees kan *liefhê* (Rom. 15: 30), *bedroef word* (Rom. 4:30) en het 'n eie *wil* (I Kor. 12: 11). Hoe kan 'n *iets* hierdie dinge doen?

DIE HEILIGE GEES IS GOD.

Toe Petrus egter vir Annanias gesê het dat hy vir die Heilige Gees gelieg het, het hy ook verder vir hom gesê: "Jy het nie vir mense gelieg nie, maar *vir God.*" (Hand. 5:4) Dan is die Heilige Gees mos volgens hierdie woorde van Petrus ook God, nie waar nie?

Kan iemand, of iets, die dieptes van God ondersoek? Onmoontlik, sal u sê. Ek stem met u saam. Net God kan God ondersoek. Nou skryf Paulus in I Kor. 2:10 soos volg: "Maar God het dit (die heerlijkheid wat God berei vir dié wat Hom liefhet) aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die *Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.* "

Dit verbaas ons daarom nie dat Paulus die Heilige Gees saam met die Vader en die Seun in een asem noem as Gelyke nie: "Die genade van die Here Jesus Christus (die Seun), die liefde van God (die Vader), en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal." (II Kor. 13:13) En net so het Christus ook die doopsbevel gegee: "...doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..." (Matt. 28: 19) In I Kor. 12:4-6 word ook die Drie in gelyke sin genoem: Gees, Here, God.

Is dit ook nie so dat 'n tempel God se woning is nie? En nou skryf Paulus: "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die *Gees van God in julle woon nie?*" (I Kor. 3: 16)

DIE HEILIGE GEES GAAN UIT VAN DIE VADER EN DIE SEUN.

Dit is van God die Heilige Gees dat Christus gesê het dat Hy Hom as ander Trooster na ons sal stuur: "Maar as die Trooster gekom het wat *Ek vir julle van die Vader sal stuur*, die Gees van die waarheid wat *van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.*" (Joh. 15:26) Of ook in Joh. 14:16: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid."

DIE HEILIGE GEES GETUIG VAN, EN VERHEERLIK CHRISTUS.

Die Vader het geskep. Die Seun het verlos.

Die Heilige Gees getuig van hierdie verlossing wat Jesus Christus bewerk het deur sy lyde en sterwe. "Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig." (Joh. 16:14) Die Heilige Gees is dan op Pinkster uitgestort om hier op aarde in die gemeente van Christus (dit is die gelowiges) te woon en Christus se versoeningswerk in hierdie wêreld te verkondig. Dit is Hy wat in die dooie sondaarsharte werk om hierdie versoeningswerk van Christus te aanvaar; om Christus te aanvaar as die enigste Saligmaker en Verlosser: "Niemand kan sê dat Jesus die Christus is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (I Kor. 12:3)

WIL U SALIG WORD?

Ek glo in God die Heilige Gees wat saam met die Vader en die Seun, die een, enige en waaragtige God is.

Deur in dié God te glo, het ek die ewige lewe, want God sê dat "...niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (I Kor. 1 2:3)

Glo u in God die Heilige Gees?

Indien nie, bid dan die Heilige Gees dat Hy aan u die geloof in die enige, waaragtige God, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees sal gee, en dat u, deur te glo, die ewige lewe sal hê.

A.J. Coetsee.

Kan Daar Nog Redding Wees Vir My?

IS JY OOK EEN VAN HULLE?

Is jy ook een van die baie wat dink:

My sonde is te groot om vergewe te word.

Ek het te ver weggedwaal om terug te keer.

Ek het my lewe weggegooi.

Niemand het my meer nodig nie, en niemand gee meer vir my om nie.

Al wat nog oorgebly het, is die donker skaduwees van eensaamheid waarin

ek myself teruggetrek het; die benoude gevoel van:
Ek is verlore!

ONS HET IETS VIR MEKAAR TE SÊ.

As jy só voel, dan het ons twee iets vir mekaar te sê. Jy dink en glo dat almal jou verstoot en verlaat het, dat niemand jou meer nodig het nie. Jy is egter verkeerd. Daar is iemand wat jou nie vergeet het nie; iemand wat jou nie verstoot en verwerp het nie, al is jou sonde hóé groot; al het jy hoe ver weggedwaal.

Jy vra: Wie? Die antwoord is: God!

Dié God aan Wie jy lankal nie meer dink nie, Hy dink nog aan jou.

Hy het jou nie afgeskryf en jou nie vergeet nie.

DIT HET TYD GEWORD OM NA TE DINK.

Het jy al werklik ernstig nagedink oor jou lewe; die ontleedmes ingelê en behoorlik selfondersoek gedoen? As jy dit nog nie gedoen het nie, dan is dit nou die regte oomblik. In die Bybel word daar met jou persoonlik gepraat. As jy 'n Bybel byderhand het, lees Lukas 15:11-32. Dit is die gelykenis van Die verlore seun.

HY HET OOK SOOS JY GEVOEL.

Op 'n dag het hy ook soos jy gevoel: Eensaam, verlate en verstote! Hy het ook, soos jy, beter dae geken, dae van geluk en vreugde.

Dit was egter nie genoeg nie, want hy wou die wye wêreld in. Hy het sy deel van sy vader opgeëis en koers gekry. Gou het hy baie vriende gehad. Soos sy beursie egter dunner geword het, het sy vriende minder geword. Tenslotte het hy niks meer oorgehad nie, geen geld, geen vriende en geen selfrespek nie.

VRYHEID WORD SLAWERNY.

Die vryheid wat hy nagejaag het, het vir hom in slawerny geëindig. Hy het sy kindskap verruil vir knegskap. Op die pad van sonde en losbandigheid het hy alles verloor.

sy goeie naam,
sy eerbare karakter,
sy reinheid van hart,
sy ware mens-wees,
sy besittings.

In ruil daarvoor het hy ontvang: armoede, eensaamheid, gebrokenheid.

WAT WAS SY REAKSIE?

Nadat hy tot die besef gekom het van hoe groot sy sonde en ellende is, het hy nie daarin bly lê nie. Nee, hy het besluit:

"Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u."

Sy sondebefes lei dus ook tot sondebelydenis, tot terugkeer na sy vader.

DIE HERONTMOETING.

Wat was die herontmoeting nie wonderlik nie! Van ver af het sy vader hom sien aankom. Hy het dus vir hom gewag. Lees in Lukas 15:20-24 wat presies gebeur het.

Na sy belydenis van skuld en sonde het sy vader hom nie weggejaag, hom ook nie verwyrt nie, maar hom soos 'n kind terugontvang. Hy het hom geklee, en weer in die huis opgeneem.

WAT VAN JOU?

Waarom sou jy op die ashoop bly sit?

Waarom sou jy jou oorgee aan die ellende?

Daar wag 'n nuwe lewe op jou. Nie een van eensaamheid nie, maar van gemeenskap.

Waarom in die skaduwees wegkruip? Al is jy hóé vuil en hóé gehawend, hóé naak en hóé gebroke, jy kan terugkeer na God.

As jy waaragtig berou het oor jou sondes, en as jy dit openlik bely voor God, dan vergewe Hy jou.

Waarom?

Alleen ter wille van die soenverdienste van onse Here Jesus Christus aan die kruis (Lees Romeine 8:31-39). Hy het al my en jou sondes op Hom geneem, en ons sodoende van die toorn van God verlos. Hy was gebroke, eensaam en verlate in jou en in my plek, sodat ons nimmermeer deur God verlaat sou word nie. Deur 'n ware geloof in Hom word ek en jy gered van ewige verloreheid. Uit die skaduwees het Hy ons teruggebring na die lig.

Stap oor Golgota heen, en jy stap reguit in die oop arms van jou wagtende Vader. In Jesus Christus is jy ook meer as oorwinnaar.

DIT IS TYD OM HUIS TOE TE GAAN.

My vriend, kyk hoe laat is dit!

Staan op - dit is tyd om huis toe te gaan!

E.J.S.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.